**Woensdag 1 Oktober**
**Skrifgedeelte: Psalm 33 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Psalm 33:12**
**Orde in die wyse waarop God ons red**

Die woordjie "verbond" laat ons gou dink aan Abraham en Israel, besnydenis en doop. Dit laat ons dink aan die besonderse verhouding wat God met sy volk aanknoop en dis goed, maar ons moet die waarde daarvan gelowig besef.

Wanneer ons *verbond* dink, moet ons onthou dat dit gebaseer word op die raad van God. Sy keuse vir 'n verbondsvolk en die hele verloop van sy verhouding met hulle is nie gebaseer op toeval nie, maar op sy ewige raad. Dit beteken daar is orde in die wyse waarop Hy ons red.

Ons verlossing is beplan en God wil en sal na sy plan handel. God reken hierin nie op die verdienste van 'n mens nie, maar volgens sy wil en daarin op grond van sy genade. Daarom noem die psalmdigter die nasie wat die HERE (God van die verbond) as God het "welgeluksalig" of dan volkome gelukkig en vol vrede.

Verder besef ons as verbondskinders die waarde van die heilige verbintenis in die feit dat ons God getrou (vs 4) en goedertieren (vs 5) is. Die liefde wat Hy afsonder vir sy erfdeel, die kerk, en sy volkome trou wat daarmee saam deel maak van sy Wese, verseker ons dat God sy verbond sal hou wat Hy met ons opgerig het. Dit is immers gebaseer op sy Raad wat vas is in ewigheid, sy plan word deur niks van die wêreld bepaal of beperk nie.

God bewys dit veral in die feit dat Hy sy Seun in dieselfde ewige raad afsonder (Ef. 1) om die verbond te verseël met sy offer. God sal Hom nie onvoorwaardelik verbind aan onheilige sondaars nie, Hy maak seker dat Hy aan die eise van sy eie voorwaarde voldoen: sy kinders se sonde moet regverdig vergewe word en dit beteken iemand moet betaal. Dit kom doen Christus aan die kruis!

Hoe kan ons anders as om in ons harte die vrolikheid te voel waarvan ons in Psalm 33:1, 2 sing en met dieselfde vrolikheid in gehoorsaamheid aan God se wil ook eer en dank aan Hom te bring as regverdige kinders van God?

*Sing: Psalm 33-1:12*
*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)*